

“DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 22 - nr. 11)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

13 Maart 2022

EREDIENS: Dr. Petrus Venter

Erediens – 9h30

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Openbaring 12: 1 - 18

Teks: Openbaring 12: 4b – 5

Sing- VOORAF SANG: Ps. 118: 12,13

TYDENS EREDIENS: Ps. 46:1,4;

Ps. 131:1,2,3; Ps. 142:1,2; Ps. 97: 1,2

**ALLES BEGIN MET DIÉ VROU EN EINDIG
OOK WEER MET DIÉ VROU**

- Moederbelofte (moeder van alle ander beloftes).
- Die vrou.
- Die draak.
- Die stryd wat tot die einde sal wees.
- God het sy Kind weggeruk.

Vooraf sang: Ps. 118: 12, 13

Ontmoetingsdiens

Votum

Lofsang: Ps. 46: 1, 4

Geloofsbelydenis

Geloofsbelydenis van Nicea/Konstantinopel

Verootmoediging en versoeningsdiens

Wet

Sing:

Ps. 131: 1, 2, 3

Gebed

Woorddiens

Sing: Ps.142: 1, 2

Skriflesing: Openbaring 12: 1 – 18

Teks: Openbaring 12: 4b- 5

Preektema

**ALLES BEGIN MET DIÉ VROU EN EINDIG
OOK WEER MET DIÉ VROU**

Dankgebed

Liefdesdiens kollekte – Diakonie
By die deure – Emeritaatsversorging

Slotsang

Sing- Ps. 97: 1, 2

Wegstuurseën

KOLLEKTES

Vandag: 6 Maart 2022

In die banke: Diakonie

By die deure: Emeritaatsversorging



Sondag: 20 Maart 2022

In die banke: Diakonie

By die deure: Sustentasië Klassis

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...

WYK – DIENSBEURT

Vandag- 13 Maart 2022 Wyk 5

Ouderling: Br Lukas Potgieter

Diaken: Br Michiel Burger

Wyksuster: Sr Miemie Burger

MEELEWING

- Br Tjaart Snijman is in ons gebede waar sy gesondheid onder groter druk verkeer.
- Sr Hettie Booyens bly in ons gebede met die terugslae wat haar gesondheid meebring.
- Br Harm Schoeman wat in van hierdie dae mediese advies en behandeling moet ontvang vir gewigte en kraakbeen. Ons dink ook aan hom. Ons vertrou dat daar vir hom verligting en uitkoms mag wees.
- Ons dink ook aan sr Marthie Geldenhuys wat al vir tyd lank met seer gewrig en pols te doen het. Mag daar vir haar ook verligting en uitkoms wees.
- Die al groter bedreiging van sprinkaanswerms wat op ons plase toesak vertrou ons dit onder beheer gehou sal kan word.

VERJAARSDAE

Dinsdag 15 Maart – Maureen Niesing

Vrydag 18 Maart – Kotie Riley

Vrydag 18 Maart Hennie Snijman

Saterdag 19 Maart Luan Niesing

Dinsdag 22 Maart Wikus Pretorius

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang in vorige finansiële jaar	R552 063 -00
Totaal van dankoffers vir Februarie 2022	R30 730-00
Totaal van dankoffers vir Maart tot op hede	R64 580-00
Gemiddelde dankoffer per besoekpunt oor 12 maande	R696-00
Werklike inkomste vorige finansiële jaar	R 1 191 012-87
Werklike uitgawes vorige finansiële jaar	R 1 240 328-31
Ramings per lidmaat per jaar (ingesluit klassis en streeksinode)	R921-00

Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter (079 695 0555)

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by

<https://bit.ly/3j1e2xT>

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

KATEGESE

Ons katekisasie werk en roosters is op ons webwerf gelaai. Dit is beskikbaar by <http://bit.ly/2KhypYe>
Laerskool-katgeses Laerskool katgeses gaan na die erediens voort.

Hoërskool – katgeses Alle Hoërskool-kindere se katekisasie word elektronies aangebied. Die vierde les vir hierdie jaar is opgelaai. Hierdie les se werk moet voor Dinsdag 22 Maart ingehandig wees. Ouers en kindere kan die huidige les aflaai by <https://youtu.be/3tMtH0O4Vjs>

BYBELSTUDIE - <https://youtu.be/vAfVMkh1MjE>

Ons het weer ons Bybelstudies rondom die groot tema van Gebede uit die Here se Woord hervat. Ons het reeds na 29 gebede in die reeks gekyk. Die jongste Bybelstudie handel oor Tabita/Dorkas se opwekking uit die dood met in besonder Petrus se gebed by hierdie opwekking. U kan in die Bybelstudie deel by <https://youtu.be/vAfVMkh1MjE>
Die laaste gebed in die reeks sal DV binnekort beskikbaar wees. Die gebed gaan handel oor wat die Heilige Gees Self gebid het- *Amen, Kom Here Jesus ...*

HUIS JAN VORSTER (HJV)

Huis Jan Vorster het weer spesiale versoek gerig dat hulle veral 'n groot tekort aan sjampoe en wasseep ondervind. Tegelyk het hulle daarop gewys dat oorweeg moet word om nie die duur soorte te skenk nie waarvan die volumes klein is. Sepe wat goedkoper is en volumes, meer stel hulle in staat om verder daarmee te kom.

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND) EN KATEGISMUS-PREDIKING

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>.

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word.

Die program begin Sondag om 17h00 op die skottel by kanaal 887.

Sondag-aande is daar ook prediking vanuit die Kategismus wat deur verskeie leraars hanteer word. Dit begin om 19h00 en staan bekend as 'n Aand-Ateljeediens.

VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za. Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansieel tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

Ons dink ook aan die gevaarlike verwickelinge aan die Oos-Europese grens op die stadium. Daar is deur dr. D'Assonville al op 'n besondere wyse ook in die Oekraïne gewerk en na gereformeerdes in die geweste uitgerek. Ons dink aan ons mede-broeders en susters in die oorlogsgebeure in hierdie land.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Volgende Diakonievergadering – 22 Mei 2022 (Ná die erediens)
Kerkraadsvergadering- Woensdag 25 Mei 2022 om 18h00

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg
Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert@webmail.co.za
Admin Beampte	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br. Francois Marais	076 612 2255	
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning 6/3/2022	29
Kollekte Diakonie 13/2; 20/2; 6/3	R2393-00; R2571-00; R1131-00
Kollektes by deure 13/2; 20/2; 27/2; 6/3	R1255-00; R980-70; R1443-10; R438-00
Kollekte Dorkas susters 27/2	R2697-00
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Kerkkas	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782

Ons het weer 'n goeie voorraad hout om te koop aan te bied. Dit is in die teekamer beskikbaar. Koste is R25-00 per sakkie. As u 20 of meer sakkies tegelyk aankoop dan kos dit R20-00 per sakkie. U kan die koster, br Francois Marais (076 612 2255) of dr Petrus kontak as u graag van die hout wil aanskaf.



Snap here to pay

SnapScan

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za